# Die geestelike en die fisiese wêrelde.

(Hierdie lesing is uitgewerk met erkenning aan prof Nelus Niemandt wat dieselfde reeks aanbied in sy boek getiteld: "Nuwe drome vir nuwe werklikhede").

In die gewone omgang van die lewe hoor mens soms dat mense op 'n manier so praat dat dit klink of daar 'n onderskeid is tussen die sogenaamde geestelike wêreld waar die reëls van God se koninkryk geld en die sekulêre wêreld waar die mens min of meer kan maak soos hy/sy self wil. Mense sal byvoorbeeld oor beroepe praat en dan sê: "As jy 'n dominee wil word, moet jy 'n roeping van God ontvang - dit moet die Here se wil wees. As jy enige iets anders wil doen, kan jy daaroor self besluit." Daarmee word die indruk gelaat dat daar eintlik twee terreine is waarin ons beweeg - die terrein waar God se wil geld (die geestelike lewe) en die terrein waar ek as mens self besluit (die sekulêre). Wanneer iemand dus oor sy beroepslewe nadink, kom die vraag hoe die Here my as gelowige daarin wil gebruik nie regtig ter sprake nie, behalwe as jy 'n dominee word.
Die vraag waarop ons nou 'n duidelike antwoord moet kry, is natuurlik of dit regtig waar is. Is daar 'n onderskeid? Is daar dus sekere terreine in mense se lewens - selfs gelowige mense - waar God se wil nie regtig 'n rol speel nie? Hierop gaan ons 'n antwoord soek.

<u>Die gemarginaliseerde kerk</u>.

Sonder dat mense dit altyd noodwendig so bedoel, toon hulle optrede en die manier hoe hulle praat dikwels aan dat die kerk eintlik 'n beperkte terrein het waarin dit 'n rol moet speel. Die sogenaamde "geestelike dinge" is die kerk se verantwoordelikheid maar nie die politiek, onderwys, ekonomie, ekologie, ens nie. Daaroor het die kerk niks te sê nie. Dit sou natuurlik nie so belangrik gewees het as dit maar net om die kerk as Instituut gegaan het nie, maar meermale bedoel mense daarmee dat die Here se wil geen rol speel in genoemde sake nie. Die leiers in die "sekulêre wêreld" sal dit hanteer. Daarmee word ook bedoel dat jou Christenskap nie regtig 'n rol speel in jou alledaagse aktiwiteite nie. Hierdie houding word soms versterk deurdat dominees baie keer te bang is om oor die alledaagse dinge te preek uit vrees dat hulle op mense se tone sal trap. Daarom word lewensprobleme baie keer net teoreties deur die kerk aangespreek. Nelus Niemandt maak in die boek wat hierbo genoem word die volgende opmerking hieroor: "God word 'n god wat tot die kerkgebou beperk is en godsdiens word 'n private en persoonlike saak." Sonder dat mense dit altyd bewustelik besef, word die kerk en eintlik die heerskappy van die Here op die kantlyn van die mens se lewe (ook van die gelowige se lewe) verskuif. So word kerk iets waarmee sommige mense besig is terwyl die res van die wêreld met hulle alledaagse lewens voortgaan.

<u>Psalm 24.</u>

Wanneer mens Ps 24 lees - en daar is ook 'n hele klomp ander Skrifgedeeltes wat saam gelees kon word - begin mens ewe skielik 'n ander idee kry oor die geskape werklikheid waarin ons elke dag moet lewe. In die eerste vers begin die digter met die sterk uitspraak: "Die aarde en alles wat daarop is, die wêreld en dié wat daar woon, alles behoort aan die Here." Hoe kan hy so iets sê? Hy gee self die antwoord in die tweede vers as hy sê: "want Hy het die fondamente daarvan in die see gelê en dit stewig gevestig in die waters." Sonder om nou hier baie besonderhede oor die hele psalm te gee, kan net gesê word dat die digter binne die wêreldbeeld van sy tyd toe die uitspansel vir hulle uit drie vlakke bestaan het (die Hemele wat die leefarea van die bo-natuurlike is, die plat aarde wat op pilare staan en waar die aardse wesens leef en dan die derde vlak wat gevorm word deur die onderaardse waar die onheilspellende see is en waar alles wat boos is woon) God as die skepper aankondig. God kan die skepper wees want Hy is "Die Here, die Almagtige." (vers 10). Wat hier vir ons van belang is, is om raak te sien dat die Verbondsgod van Israel gesien word as die Een wat deur sy groot almag die ganse heelal geskep het en die konsekwensie daarvan is dat alles aan hom behoort.
In terme van die tema waaroor dit hier gaan, is dit belangrik om dus raak te sien dat volgens Ps 24 daar nie 'n enkele ding in die heelal is wat nie op die een of ander manier deur God gemaak is nie en wat nie aan hom behoort nie. As dit dan aan die Here behoort, is die implikasie daarvan dat dit ook moet voldoen aan die reëls van God se koninkryk. Jy sien, die Here is nie net die almagtige Skeppergod nie, maar is tegelyk ook die magtige Koning (Ps 24:7-10 praat nie minder nie as vier keer oor die Here as Koning). Alles in die skepping is dus onderhewig aan die heerskappy van hierdie magtige koning. Die praktiese betekenis vir ons is natuurlik geweldig groot. Dit beteken dat daar nie 'n terrein in die heelal is waar God nie die sê het nie. Daarmee word die sogenaamde brug tussen die sekulêre en die geestelike oorspan. Nelus Niemandt sê hieroor dat dit beteken dat ons sal moet "afstand doen van die afstand." Mens kan dus nie praat van sogenaamde twee wêrelde waarin die Here se wil geld vir die een en ons as mense self kan besluit wat die ander betref nie. Daar is maar een werklikheid en dit is die skepping van die Almagtige God waar Hy die sê het - of dit nou die wêreld se sigbare aspek betref of soms die meer onsigbare (geestelike) bestaanwyse. Alles staan onder God se heerskappy.
Hierdie gedagte word verder versterk deur die Nuwe Testament waar mens agterkom dat daar by die Here geen onderskeid is tussen die man en vrou, die ampte en die lidmate in die gemeente, godsdiens en die alledaagse, die

heilige en die sekulêre, liggaam en gees, ens nie. Alles behoort aan die Here en moet aan sy heerskappy gehoorsaam wees.

"Coram Deo"

Die opskrif hierbo is die Latyn vir "Voor die aangesig van God". Ons moet besef dat waar ons ookal gaan en waarmee ons ook mag besig wees, ons leef elke oomblik van elke dag in die teenwoordigheid van God waar Hy die Heerser is en ons die onderdane wat in elke detail van ons lewe aan hom gehoorsaam moet wees. Sy wil geld dus vir elke deel van my lewe. Hy is die een wat my bewegings bepaal. Hierdie gedagte word mooi uitgebeeld in die prent van die boom. Onthou, dit is nie die bome wat die wind maak of veroorsaak nie. Dit is die wind wat die mag oor die bome het. Mens sou ook kon sê dat die bome geen keuse het in die saak nie. Waar die wind waai, moet hulle maak soos die wind hulle lei. So is dit ook met die gelowige volgeling van Jesus Christus. Paulus sê in 1 Kor 6 dat ons moet onthou dat die Heilige Gees binne ons kom woning maak het en daarom word ek as mens die tempel van die Heilige Gees. Daarom dat hy in Gal 5:25 sê: "Ons lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal." Daarmee bedoel hy dat jy altyd moet onthou dat jy kind van die Here geword het deur die kragtige werking van die Heilige Gees binne in jou. Daarom moet jou lewe ook deur die krag van die Gees beheer word sodat dit jou gedrag (optrede, doen en late, woorde, gedagtes, ens) deur die krag van die Gees (soos die wind) bepaal word.
Hoe help ons mense om waarlik dissipels van Jesus te wees?

Die volgende paar gedagtes is van kritiese belang:

- Skuif van 'n kerk wat mense uitnooi om kerk toe te kom na 'n geloofsgemeenskap wat mense uitstuur om as dissipels te gaan leef.
- Fokus op 'n spiritualiteit vir die lewe - maw hou op om op jou eie spiritualiteit ter wille van jouself te fokus en ontwikkel 'n houding wat ander rondom jou belangriker maak.
- Besef dat die koninkryk van God gaan oor ons alledaagse lewe. Prakties beteken dit dat jy die alledaagse as missionêre taak moet raaksien. In 1 Kor 10:31 word hierdie belangrike woorde geskryf: "Of julle eet en of julle drink of wat julle ook al doen, doen alles tot eer van God." Alledaagse arbeid en kantoorwerk is sending. Lag en speel is net soveel aanbidding as bid en liedere sing.
- Heilig die nie-so-heilige. In plaas daarvan om van die mense buite die geloofskring te praat as onheiliges of as ongelowiges kan jy hulle begin raaksien as die wat nog nie so heilig is nie en die nog-nie-gelowiges. Dit bring 'n hele groot verskil in jou denke oor mense. Ewe skielik word ander 'n nuwe potensiaal vir Jesus se koninkryk.

Die motivering?

Wat motiveer mens om volgens bogenoemde ingesteldheid te lewe en die uitdaging daarvan te aanvaar? Die belangrikste is om te onthou: God glo in jou, daarom rus Hy jou toe. Daarom het Hy sy Gees gestuur om in jou te woon en van jou sy tempel te maak. Daarom het Hy aan jou spesifieke gawes gegee sodat jy daarmee in die gemeenskap waar jy leef, 'n verskil in sy Naam kan maak.